1973 -2013

# SA BOERPERD

**NASIONALE SKOU-NUUSBRIEF No. 3, 2013 /**
***NATIONAL SHOW -NEWS LETTER* No. 3, 2013**

Boerperd Vriende / Boerperd Friends

*It is with great pride that we present the 3rd News Letter of the Year 2013 in the form of a "Show News Letter". This will appear on the web-site, as well as be available at the National Show in Parys.*

Soos julle reeds weet, is daar hierdie jaar baie botsings met die SANESA Nasionale Kampioenskappe. Ten spyte van die feit, het ons egter nog steeds die rekordgetal van 265 perde ingeskryf vir die geleentheid – 10% meer as verlede jaar! 'n Gepaste begin vir die volgende 40 jaar se Boerperdbedrywighede!

*This year is also the first year where we wil finally be able to see the product of our 1st STAR-STALLION auction, held in 2011. Please consult the program for further information in this regard.*

Ingesluit hierby, is ook 'n paar wenke (*tips*) wat ons van vorige skoue geleer het en foute wat ons nie graag tydens ons Nasionale skou – die vertoonvenster van ons ras – wil herhaal nie. Alles is reeds in die skou-reëls en prosedures vervat, maar ons lig net enkele onduidelikhede uit.

*Congratulations to Johan de Klerk's horse Devondale Bubbles with rider Wida Scholtz, who won the CDI Young Horse Dressage Competition on Friday, 13 September 2013. This is really an achievement as she had to compete against horses of all breeds. With this in mind, we can really believe in the SA Boerperd. (The CDI is an affiliation of the FEI, which is the International Equestrian Federation).*

Lees ook verder meer oor ons BAIE BELANGRIKE JEUG-AKSIE tydens die Parys skou!

*Groete / Regards*
*Piet Grové*
PRESIDENT
083 301 1633

NUUSBRIEF SAAMGESTEL DEUR / *NEWS LETTER COMPILED BY*
Johannes Langenhoven & Petro Grové

# IN HIERDIE NUUSBRIEF / *IN THIS NEWS LETTER:*

1. **JEUG- AKSIE / *YOUTH ACTION***

2. **WENKE VIR DIE SKOU: glipse om te vermy /**
   ***TIPS FOR THIS SHOW: mishaps to avoid***

3. **RYPERD KAMPIOENSKAPPE: Hoe om te kwalifiseer /**
   ***RIDING HORSE CHAMPIONSHIPS: How to qualify***

4. **VAN TOEKA TOT NOU: Sterhings gedagtes**
   ***FROM THEN TO NOW: Star-Stallion ideas***

## 1. JEUG- AKSIE / *YOUTH ACTION*

Aangesien dit hierdie jaar die 40ste bestaansjaar van die SA Boerperd as Telergenootskap as amptelike en volwaardige ras is, wil ons graag as jeug 'n bydrae maak om te wys dat ons wel die leiers van die toekoms is. Daarom wil ons julle almal wat Vrydagaand tydens die dinee (vertonersfunksie) teenwoordig gaan wees, nooi om gedurende die week saam met ons te kom oefen aan 'n ***MUSIKALE TAPTOE.*** Ons beplan om vir elke perd 'n sy serp te gee in die kleure van die SA Boerperd vlag: rooi, blou, wit en lig-blou.

**MUSIKALE TAPTOE:**

'n Konsert met baie mense wat gelyk in die arena op perde ry in en sekere bewegings doen saam met musiek … ♫

Almal wat hieraan wil deelneem moet asseblief hulle name Maandag, 23 September tydens middagete vir my (Tannie Petro), of Riana by die skou-kantoor kom gee, saam met 'n selnommer. Ons wil graag al Maandagaand, na die laaste skou-klas, begin oefen. Julle kan ons ook bel of SMS. Moet net nie vergeet om jou naam by die SMS te sit nie.

Na die Vertoners-onthaal en ete, sal daar 'n *marshmallow*-braai vir die jeug wees. Moet dit nie misloop nie!

Tannie Petro : 08725513221
Riana : 0837559986

**MUSICAL TAPTOE:**

A concert on horseback where you ride in specific pre-planned formations with music.

♬

*As you all know, we celebrate the 40th anniversary of the SA Boerperd as Breeders' Society this year. To make this event special, we would like to show that the youth is indeed the leaders of our future. Therefore we would like all the under 20's to take part in a special group event on your horses called a **MUSICAL TAPTOE** on the Friday evening just before the Dinner Function. We plan to give each horse a coloured sash in the SA Boerperd colours, namely: red, blue, light-blue and white.*

*Everyone that want to participate in this exciting event must please give their names with cell numbers to me (Tannie Petro) or Riana at the Show Office on Monday 23 September during lunch. You can also sms of phone us. Don't forget to mention your name on the sms! We would like to start practising on Monday Evening, directly after the last showing class in the arena.*

*After the Exhibitors dinner on Friday evening, there will be a marshmallow*-braai *for the youth. Don't miss out!*

Tannie Petro : 08725513221
Riana : 0837559986

## 2. WENKE VIR DIE SKOU: glipse om te vermy / *TIPS FOR THIS SHOW: mishaps to avoid*

- Aanjaers IS toelaatbaar slegs in die volgende klasse:
  Universeel & Tradisioneel - Vullens onder 12 maande
  - Ster-hings vullens

  Maak asb. seker dat alle deelnemers, sowel as aanjaers by die in-hand klasse korrek geklee is. Hierdie kleredrag sluit ook die hulp-hanteerders in tuigklasse in.

  **GEEN aanjaers is toelaatbaar by UNIVERSELE in-hand klasse ouer as 12 maande nie.**

  *Prompters are allowed ONLY in the following classes:*
  *Universal & Traditional - Foals under 12 months*
  *- Star Stallions Class*
  *Traditional In-hand classes - all classes.*
  ***NO prompters for in-hand universal classes older than 12 months.***

  *Please make sure that all peaople that enter the arena are dressed appropriately – that includes the prompters, as well as handlers in harness classes.*

- Die kleredrag vir hanteerders in leiriem klasse is dieselfde as hanteerders by in-hand klasse. Geen informele kortbroeke en plakkies sal toegelaat word nie. Ruiters moet ook voldoen aan dieselfde vereistes as in gewone ruiter klasse (Sien skou-reëls).

  *The Dress code for handlers in the lead rein classes are the same as for in-hand classes. No informal shorts or flip-flops will be allowed for handlers, neither informal clothes for riders (See Showing rules).*

- Hare moet gepas opgebind en in 'n haarnet wees sonder om die nommer te bedek.

  *Hair must be tied back and in a hair net, so as not ot cover the number on your back.*

- Daar SAL tydens die skou getoets word vir verbode middels. Geen toegwing vir die oortreding van hierdie skou-reëls sal gemaak word nie (Bylae C1 & C2)

  *During the show, horses WILL be tested for prohibited substances. No exceptions to the rules will be granted (Annexure C1 & C2)*

**MAAK SEKER DAT U DIE OP HOOGTE IS VAN DIE NUUTSTE SKOU-REëLS**
***MAKE SURE THAT YOU HAVE READ THE LASTEST RULES***

## 3. RYPERD KAMPIOENSKAPPE: Hoe om te kwalifiseer / *RIDING HORSE CHAMPIONSHIPS: How to qualify*

Die volgende tabel is 'n opsomming van die klasse en in watter kampioenskappe hulle sal ry, indien hulle kwalifiseer. Dit help ook om kruisinskrywings te vermy.

*The following diagram is a summary of the show classes and also shows in which championship they are to compete if the qualify.*



## 3 GANG RY KAMPIOENSKAPPE

| Ruiter Ouderdomsgroep: | Perd Ouderdomsgroep: | Kampioenskap: | Voorwaardes: |
|---|---|---|---|
| **Ruiter O/8** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | Perd mag net een klas in |
| **Ruiter O/11** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | hierdie groep ry. |
| **Ruiter O/15** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | |
| **Ruiter O/19** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | Hingste net vanaf O/19 |
| **Ruiter Bo/19 Dames** | Perd het geen ouderdom nie. | Volwasse Ruiter | |
| **Ruiter Bo/19 Mans** | Perd het geen ouderdom nie. | Volwasse Ruiter | |
| **Ruiter Ouderdomsgroep:** | | | |
| **Ryperd O/8** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | Perd mag net een klas in |
| **Ryperd O/11** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | hierdie groep ry. |
| **Ryperd O/15** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | |
| **Ryperd O/19** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | Hingste net vanaf O/19 |
| **Ryperd Bo/19 Mans** | O/5 jaar | 3 Gang O/5 | |
| **Ryperd Bo/19 Mans** | Bo/5 jaar | 3 Gang B/5 | |
| **Ryperd Bo/19 Dames** | O/5jaar | 3 Gang O/5 | |
| **Ryperd Bo/19 Dames** | Bo/ 5jaar | 3 Gang B/5 | |
| **Veersydige Ryperd O/11** | Perd het geen ouderdom nie. | Veelsydige Ryperd | Perd mag net een klas in die |
| **Veelsydige Ryperd O/15** | Perd het geen ouderdom nie | Veelsydige Ryperd | veelsydige ryperd groep ry. |
| **Veelsydige Ryperd O/19** | Perd het geen ouderdom nie. . | Veelsydige Ryperd | |
| **Perd Geslags groep:** | | | |
| **Hings** | O/5 jaar | 3 Gang O/5 | Perd mag net een klas in |
| **Hings** | Bo/5 jaar | 3 Gang B/5 | hierdie groep ry. |
| **Merrie** | O/5 jaar | 3 Gang O/5 | Ruiter het geen ouderdom. |
| **Merrie** | Bo/5 jaar | 3 Gang B/5 | Ruiter van enige geslag. |
| **Reun** | O/5 jaar | 3 Gang O/5 | Ruiter mag meer as een klas ry. |
| **Reun** | Bo/5 jaar | 3 Gang B/5 | |
| **Plesierperd:** | | | |
| **Enige Geslag** | O/5 jaar | 3 Gang O/5 | Soos in goep hierbo. |
| **Enige Geslag** | Bo/5 jaar | 3 Gang B/5 | |
| **Ander Klasse** | | | |
| **Werkende Jagperd 60cm** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | Perd mag net een van die |
| **Werkende Perd 80cm** | Perd het geen ouderdom nie. | Outomaties | Werkende Jagperd klasse ry. |
| **Skou Jagperd** | O/5 jaar | 3 Gang O/5 | |
| **Skou Jagperd** | Bo/5 jaar | 3 Gang Bo/5 | |



## SKOU REëLS & REGULASIES: Reëls en Bylaes, Punt 7.1 -7.3

**7. KRUISINSKRYWINGS**

7.1 **Geen kruisinskrywings** van perde sal toegelaat word tussen die volgende klasse per skou nie:-

- Tradisionele- en Universele Teelklasse en Kampioenskappe;
- Tradisionele en Universele 3-gang Ryklasse en Kampioenskappe;
- Kinder-/Junior **Ruiter** klasse en Dames-/Mans Ruiterklasse en Kampioenskappe;
- Kinder-/Junior 3-gang **Ryperd** klasse (Automatiese Kampioenskappe) en Mans/Dames klasse, Universeel & Tradisioneel;
- Tradisionele 3-gang- en 5-gang klasse;
- Tradisionele en Universele Enkeltuig klasse;
- Siertuig en enige ander klas.

**TOELAATBAAR:**
Kinders-/Juniors mag aan die OPE Tradisionele- en Universele 3-gang klasse en Kampioenskappe deelneem, met die uitsondering van Mans/Dames Ruiter/Ryperd klasse.

7.2 'n Perd **of** Ruiter **MAG NIE** in meer as een ouderdomsbeperking in Teel, Ryperd of Ruiter klasse deelneem nie.

7.3 'n **Ruiter** mag slegs aan EEN ruiter kampioenskap deelneem in sy ouderdomsgroep. 'n **Perd** mag ook slegs in EEN RyPERD kampioenskap deelneem in sy ouderdomsgroep.

## *SHOW RULES & REGULATIONS: Rules & Annexures, Par. 7.1 – 7.3*

***7. CROSS ENTRIES***

*7.1 No cross entries will be allowed between the following classes per show:-*

- *Traditional- and Universal Breed Classes and Championships;*
- *Traditional- and Universal 3-gaited **Riding** classes and Championships;*
- *Children-/Junior **Rider** classes and Gentlemans'/Ladies' **Rider** classes and Championships;*
- *Children-/Junior 3-gaited **Riding horse** classes (Automatic Championships) and Gentlemans'/Ladies' **Riding horse** classes*
- *Tradistional 3-gaited and 5-gaited classes;*
- *Tradisional-& Universal Single Harness classes;*
- *Fine Harness and ANY other Single Harness Class.*


***ALLOWED:***
*Children/Juniors may compete in classes which qualify for the (OPEN) Traditional- and Universal Championships except in the Traditional- and Universal Gentlemans' / Ladies' 3-gaited Riding Horse and Rider classes as stipulated above.*

*7.2 A **horse** or **rider** may **NOT** compete in more than one age group in Breed, Riding Horse, or Rider classes.*


*73. A **Rider** may ONLY compete in ONE Rider Championship, A **Horse** may only compete in ONE riding HORSE Championship.*


# STER-HINGSTE – VAN TOEKA TOT NOU


**AND so THE FIRST HQ MAGAZINE of 1999 eccode:**




**In THE SOUTH AFRICAN SHOW HORSE** van April 2004 – die eerste uitgawe van hierdie later hoog aangeskrewe glansblad tydskrif - verskyn daar reeds 'n advertensie van die SA BOERPERD Gedenkuitgawe van 2001. Dit het my laat wonder of ons genootskap toe al voorlopers was. Waar staan ons vandag?





Maar dit was nie al verrassing in die tydskrif nie.....





The new indoor equestrian arena recently completed at Parys in the Free State. (Photo by Toppy Hunt.)

Op die **SA BOERPERD WEBBLAD van 2013** sien ons die huidige president mnr Piet Grovè met sy tuigperd by die Weskaap streekskou op Riversdal.

Watter ongelooflike stories sou ons nie oor die 40 jaar vir mekaar kon vertel nie!

Selfs ons bekende arena was op 'n dag nuut en kyk net bietjie hoe baie het dit nie verander soos die tyd aanstap.

In die **2001 SA BOERPERD gedenkuitgawe** vertoon die president, Mnr. Jan van der Watt, hier nog trots sy kommando drag.


Mnr Jan van der Watt, President

Van 'n klein begin in die Memel Hotel in 1973 tot by die Parys binnenshuise arena in 2013 met 265 perde wat aan die Nasionale Kampioenskap deelneem.

Baie geluk aan almal wat deur die jare saam gebou het en NATUURLIK die perde wat nog 'n era "oorleef" het en die toekoms sterker as ooit tegemoet gaan!

# OM VORENTOE TE GAAN IS TERUG KYK SOMS BELANGRIK!



*Mnr Jaap Cloete by Cloete Eggo Klinker Nr.1. Hierdie foto is in 1959 geneem.*



*Foto: C. Nel (Farmer's Weekly)*


*Eggo Klinker, die huidige 5-gang Kampioen vir 2001.*

Agterkleinkind van Cloete Eggo Klinker 1 gebore in 1993 hier op Pretoria se skou.

Nou waar beter om te begin as in dieselfde Gedenkuitgawe van die SA BOERPERD met die foto van Mnr. Jaap Cloete. Jy kan net na die glimlag kyk om te weet hy het toe al geglo hier is 'n STERHINGS en watter ster het hy nie geword nie?

Volg ons sy spoor op die moderne hulpmiddel van SA Stamboek se LOGIX geslagsregister, lei die nageslag jou na Cloete Eggo Klinker 1 se agter-kleinkind, Cloete Eggo Klinker III waar hy op die skou bladsy vertoon word as die 5 Gang Kampioen op Pretoria se skou van 2001.

Maar dis sy *nageslag* wat van hom 'n STERHINGS maak as hy in 2013, presies 20jaar later nog steeds op die Streekskou op Riversdal presteer, maar die keer in die geselskap van sy eie vullens met die volgende geslag ruiters in die saal. Wat 'n voorreg om te beleef en te weet daar is nog vele van sy soort in ons Ras en nuwe Ster-hingste word jaarliks gebore.







Burgerstrots Katryn



Lang- Carel Viceroy




Meer en Meer Fleur

**EN so was en is daar natuurlik nog Baie sulke PERDE wat die mens sal bly imponeer. STER-HINGSTE vir elke generasie en elke DISSIPLINE!**






......2011



................2013



## Dit bring ons by STERHINGS 2013:

Tydens die Parys Nasionale Skou 2013 sal die eerste vullens van hierdie nuwe kompetisie binne ons genootskap beoordeel word op grond van bouvorm en beweging. Hierdie is 'n geleentheid vir klein en nuwe telers om met die deelname van sy eie hings of die aankoop van 'n dekking op die jaarlikse veiling onmiddellik toegang te verkry tot die hoofstroom van teling en blootstelling.

In die kompetisie word die vermoë van die teler om "vooruit te sien" wanneer 'n paring gedoen word blootgelê sowel as die vermoë om die teelmerrie en vul te versorg met goeie voeding en afrigting om te kan vertoon by die beoordeling op die skou.

Daar is 25 vullens ingeskryf en 'n enorme prysgeld wag op die die eerste 3 plasings.

Die tafel is gedek en die opgewondenheid onbeperk. Laat ons hierdie 40 jarige bestaan van die SA BOERPERD as die inheemse ras van Suid Afrika vier met die uitbeelding en bekendstelling van ons nuwe en toekomstige STERHINGSTE en MERRIES!!!!

Mag die SA BOERPERD en die TOEKOMS wen.

Artikel: Johannes Langenhoven